

44,000 pond kwarts en sand	£8 5 0
18,000 pond kalk	£33 15 0
11,480 pond sout	£74 12 4
1,008 pond vloeispaat	£7 16 6
616 pond loogsout	£5 0 1
850 pond arseen	£3 10 8

Verder is 250 ton steenkool verbruik wat £256/5/- gekos het.

Aangaande die herkoms van die grondstowwe blyk alleen dat vloeispaat gereeld per skip van Engeland aangevoer is na Delagoabaai en vandaar per trein na Eerste Fabrieken vervoer is.

In Oktober 1898 kon die sekretaris berig dat hy tevrede was met die prestasies van die werkkragte, dat bestellings nog steeds ontvang is en dat die „Natal Breweries”, van Pietermaritzburg, 150 gros bierbottels bestel het.

Op 15 Oktober, 1898 het 9 werkkragte, nl. E. Edwards, H. S. Bennett, F. Taylor, E. Appleyard, Marshall, Capless, Foley, E. Launders en W. H. Pizzy aan boord van die „Dunottar Castle” na Suid-Afrika vertrek nadat hulle deur die Londense kantoor van die firma in diens geneem is.

In November het die monteur A. Dumville op Eerste Fabrieken aangekom. Hy was ’n passasier aan boord van die stoomskip „Mexican”.

In Desember 1898 is 703 gros bottels verkoop, in Januarie 1899 ruim 721 gros, in Maart 1899 ruim 350 gros en in April ruim 332 gros. Van 1 Januarie 1899 tot en met 30 April 1899 is altesame 2,075 gros bottels teen 50/8 per gros verkoop teen ’n wins van 4/7½ per gros. Volgens die sekretaris was dit baie bemoedigend.

Terwyl gegewens in verband met die omset oor Julie 1899 ontbreek is daar ’n lys met betrekking tot die grondstowwe wat gedurende dieselfde maand verwerk is.

Daar is 120,000 pond sand en kwarts (£22/13/4); 33,000 pond kalk (£66); 3,752 pond vloeispaat (£23); 2,600 pond loogsout (£26/15/6); 360 pond arseen (£5/5/4) en 26,404 pond sout (£138/12/5) verwerk. Verder is 330 ton steenkool teen 14/6 per ton (£238/5/-) verbruik.

Die vernaamste afsetgebied van die glasblasery was die Witwatersrand en Pretoria. Slegs een geval is bekend waar bottels na Natal uitgevoer is. ’n Uitvoerpremie sou, aldus die sekretaris in een van sy briewe, die uitvoer bevorder. Onder die afnemers kom voor: F. W. Bell (Brugspruit), A. Langford (Johannesburg), die Castlebrouery (Johannesburg), W. F. Dawes (Rustenburg), Chandler en Kie. (Johannesburg), Effron en Kie. (Germiston), die „East Rand M.W. Co.” (Germiston), Goldberg en Zeffert (Johannesburg), Raleigh Heyman (Waterval-Boven), P. Koeleman (Belfast), Meister en Greveller (Potchefstroom), A. L. Murray en Kie. (Waterval-Boven), N. Manchevsky (Pretoria), S. Sliom (Pretoria), Thomas en Kie (Krugersdorp en Roodepoort), J. Walker (Rustenburg) en die „West Rand M.W. Coy.” (Krugersdorp).

Uit hierdie gegewens blyk dat die produkte van die glasblasery op Eerste Fabriek oor die lengte en breedte van die grondgebied van die Republiek versprei is.

Die volgende twee briewe staan ook in verband met die geskiedenis van die glasblasery op Eerste Fabrieken.

(Uit: briewekopieboek „The Eerste Fabrieken Hatherley Distillery Ltd.“, bl. 199):

20sten November 96.

Aan Zijn Hoog.Ed. Gestreng
den Staatspresident
der Zuid Afrikaansche Republiek.

HoogEdelGestreng,

Aangezien wij nu een aanvang gemaakt hebben met het fabricereen van glas, en ik weet dat U een levendig belang stelt in dergelijke industriën, zoo neem ik de vrijheid U Edele en uwe ambtenaren uit te noodigen de Glasfabriek te komen bezichtigen.

Ik zou mij ten zeerste verplicht gevoelen als U Ed. den voorzitter en de leden van den Raad ook wilt uitnoodigen en mij eenige dagen vooruit laten weten, wanneer U Ed. van plan is te komen.

Ik heb de eer te zijn
UEd. dienstw. dienaar
J. P. H. Faure,
Sec.(retaris).

(Uit dieselfde kopieboek, bl. 219):

26 November 96.

Aan den WelEd.Heer G. A. A. Middelburg (*moet wees: Middelberg*),
Pretoria.

WelEd.Heer,

De President, leden van den Uitvoerenden Raad, leden van den Volksraad en anderen hebben eene uitnoodiging van de Directeuren der Eerste Fabrieken aangenomen om op Zaterdag a.s. hunne Glas Werken en Fabriek te bezoeken, en hebben den wensch uitgedrukt niet later dan 2.30 van het Station Eerste Fabrieken te vertrekken. Wij zouden U zeer verplicht zijn als U eenige schikking kon maken die hen in de gelegenheid zal stellen op dien tijd te vertrekken.

Ongeveer 60 personen zijn uitgenoodigd.

Hoogachtend,
J. P. H. Faure,
Sec.(retaris).

— J. PLOEGER.

UIT DIE BRIEWE VAN ARNOLD THEILER : V.

(*Vervolg*)

NA sy terugkeer uit die buiteland het Theiler elke dag verwag om as Republikeinse burger na die oorlogsfront opgeroep te word. Maar voorlopig het dit nie gebeur nie. Gedurende die res van Oktober en die hele November sit hy nog in Pretoria en volg die oorlog uit die verslae. Hy skryf van die eerste groot veldslae, Dundee en Elandslaagte; „die beslissende slag word elke oomblik verwag”. Sy opinie is dat die oorlog lank sal aanhou. „Vir die Boere is dit 'n heilige oorlog”. In Pretoria het die spanning met die uitbreek van die stryd afgeneem. Behalwe dat daar beheer oor die verkoop van vleis gekom het is daar nie veel verandering in die lewe te sien nie.

Eind November stuur Theiler sy nuwejaarswense aan sy ouers en peins oor sy eie toekoms. „Die noodlot was goed vir my in 1899; wat 1900 vir my inhou weet ek nie. My huis word met vernietiging bedreig deur die magtige Engeland”. Hy is tenslotte opgeroep. „My plig roep my. My eed aan die Republiek is bindend in goeie en slegte tyd. Die regering het my goed behandel en ek is 'n volle burger.”

Die volgende brief kom van die oorlogsterrein. Hy sit op 'n pragtige someroggend voor sy tent agter Bulwana en skryf. Diepgroen is die pragtige landskap, die heuwels van Natal; net hier en daar 'n bergkrans om die sagte glooiing te verbreek; verder is die veld wit gevlek met die tente en waens van die laers. Dié van Krugersdorp is vlakby, dié van Wakkerstroom verderweg. Hy self is in die laer van majoor Wolmarans. Die groen heuwels is oortrek van die vee wat aan die verskillende laers behoort.

Kort-kort word die vreedsame stemming verstoer deur kanongebulder. Daar is 'n Longtom op Bulwana, vlakby, en nog een op Lombaardskop wat Ladysmith reëlmstig bestook. Soms skiet die Engelse skeepskanonne terug maar die laers lê buite hulle bereik.

Hy skryf uitgebreid van sy reis per trein uit Pretoria en die indrukke wat hy onderweg opgedoen het. Daar het treine vol krygsgevangenes by hulle verbygegaan en ook treine vol Vrystaatse burgers wat uit Natal verplaas word om hulle eie staat te gaan verdedig. Al die geskiedkundige plekke word hom aangewys: Sandspruit waar die laers eers gestaan het, Volksrust wat vrywel heeltemal verlate is, Charlestown waar geen woord Engels meer gehoor word nie, Majoeba, Laingsnek, Elandslaagte — „Ons kon die slagveld en die kerkhof op 'n afstand sien”, — Modderspruit, waar die geveg nog vars in die geheue van sy vertellers is en vanwaar hulle die kanonne al kon hoor skiet, en dan eindelijk sy bestemming agter Bulwana. Hier het majoor Wolmarans met hom kom gesels oor sy Europese reis en hier het hy die eerste nag op die harde grond sleg geslaap.

Dagbreek die volgende oggend is hy die kop uit om die Longtom te

sien skiet: rook en 'n ontsettende gebulder en 'n fluitende geluid wat wegsterf. Dan stilte waarin gewag word op die Engelse antwoord. Die bly nie lank uit nie. Op die sein „pasop!” koes al wat leef agter die skanse weg. Dan is dit weer 'n fluitende geluid wat nader kom. Onaangenaam naby, vyftig tree agter hulle slaan die liddietbom in dat die kenmerkende groen wolk opslaan en klipskerwe huilend oor hulle heenfluit.. In 'n oogwink lewe die hele rand soos die burgers opspring en inderhaas skuiling soek. Dit is Theiler se vuurdoop. „Ek was nie bang nie, maar opgewonde en het 'n gevoel van intense hulpeloosheid gehad.”

Vanaf Bulwana kan hy Ladysmith in die holte sien lê met die Engelse forte op die plat randjie daaragter en die tentlaer van vrouens en kinders daar op die vlakke. Skielik verskyn 'n verkennersballon bo die stellings.

So het die beleg van Ladysmith daaruit gesien. Hy self het nie veel te doen gehad nie en die oorlog het hom al gou verveel en „sinnelees” voorgekom. Al opwinding binne die eerste veertien dae was die nagtelike Engelse aanval op een van die Boerekanonne, 'n intense deurmekaarspul in die nag wat hy vlak by aanskou of liever aangehoor het. Hoewel 'n kanon vernietig is het dit die Engelse duur gekos: 56 gesneuweldes en 17 gewondes en 10 gevangenes teenoor vier Boere wat gesneuwel het en sewe wat gewond is.

Die groot oorwinning van 15 Desember 1899, die Slag van Colenso, ook daar het hy geen aandeel aan gehad nie. Hy het nog maar op Bulwana gesit vanwaar hy weliswaar 'n pragtige uitsig gehad het, tot by Colenso self, maar waar die eintlike oorlog hom verbygegaan het. Intussen het die bombardering van Ladysmith met reëlmatige eentonigheid voortgegaan. Die Engelse antwoord nie meer nie behalwe een keer toe Sir George White se huis getref is.

Toe die oorlog ooswaarts verskuif, het ook hy verskuif. Steeds bly hy die toeskouer. By Spioenkop het hy die lyke op die slagveld verstrooid sien lê, 'n paar dae na die slag — 'n toneel om nooit te vergeet nie. Dit beskryf hy in 'n brief van 21 Januarie 1900 aan sy vrou. Sy probeer so goed sy kan die laboratorium aan die gang te hou. Dit het stil geword in Pretoria. Baie regeringskantore is gesluit „aangesien alles wat twee bene het na die front moet gaan”. Sy vertel van die wending wat die oorlog geneem het. Cronjé het oorgegee maar aan die Tugela word nog stand gehou. Hulle het 'n uitsig op die krygsgevangenekamp wat snags helder verlig is. Die gevange offisiere is in Waterval opgesluit, daar waar Theiler een tyd sy proefdiere aangehou het.

Op 7 Maart 1900 is Theiler weer by die huis vir drie weke verlof. Hy skryf 'n uitgebreide verslag, ongeveer in die vorm van 'n dagboek, oor die gebeure in Natal van die vorige twee weke. Aangesien hy gedurig inspektietogte langs die front moes hou, het hy 'n goeie oorsig gehad van wat aangaan juis op die tydstip toe die Boere hulle stelling aan die Tugela begin prysgee het en dit selfs in 'n wilde vlug ontarend het.

Na die veldslae van Pontdrif en Kranskloof het die Engelse die noorde-

like Tugela-oewer weer ontruim en hulle magte van Spioenkop na Chieveley verplaas.

Op Sondag 18 Februarie het hy met sy inspeksietog langs die front begin sonder om te besef dat die groot geveg reeds begin het. Hy en sy gevolg trek hulle vas en gaan toe maar op 'n hoë punt die gevegte sit en dophou maar toe die liddietbomme te na aan hulle val het hulle inderhaas padgegee. Hulle sien 'n tydelike brug oor die Tugela waar 'n groot gedrang van burgers was wat hulle posisies suid van die rivier ontruim. Teen die aand word die kanonne met pontons oorgetrek.

Aangesien hulle die aand nie die hoofkamp kan bereik nie, vind hulle 'n gerieflike plek onder 'n boom om te oornag waar 'n bommeksim geparkeer is. Terwyl 'n ligte reën die nag begin val hoor hulle geluide van perderuiters, kanonne en waens wat verbytrek.

Sonop die volgende dag vind hulle die kanonne in nuwe stelling maar nie 'n skoot word geskiet nie. Onder ontbyt bespreek hulle die geveg „asof ons self die generaals is.” By die hooflaer vind hulle generaal Joubert waar hy voor sy tent sit, kennelik ontstemd oor die gang van sake. Die aand sluit hulle weer by die artillerie aan. Dinsdag ry hulle weer na Colenso om die geveg dop te hou. Dit is duidelik dat die posisie vinnig versleg sodat hulle nie eers meer oor Colenso kon terugkeer nie. Hulle ontmoet genl. Lucas Meyer by sy laer in die sentrum van die Boereposisies. Tenspyte van die toestand het hy nog tyd om die toestand van sy perd met Theiler te bespreek. Hulle ontmoet ook genl. Botha, „vriendelik en opgewek soos altyd.”

Toe hulle 27 Februarie weer 'n uitkykposisie op 'n koppie by Colenso inneem is dit duidelik dat die posisie verder versleg het. Die Boerestelling is nou op die rante noord van die rivier terwyl die Engelse besig was om 'n brug oor die rivier te slaan. Die Engelse artillerie skiet sonder merkbare uitwerking op die Boerestelling. Tweekeer is Theiler getuie van 'n Engelse infanterie-aanval wat deur die mausers neergemaai word. Tog toe hulle die volgende oggend na hulle „grand stand” wou terugkeer vind hulle dit onveilig vanweë die Britse bomme. So het die slag voortgegaan en gaandeweg het die Boere hulle houvas oor die situasie heeltemal verloor.

Wat Theiler die dag van die 27ste Februarie nie besef het nie, was dat hy 'n deel van die finale slag om die Tugela-front aanskou het. Verder weg, waarskynlik buite sy gesigsveld, het dié dag die deurbraak by Pietersheuwel plaasgevind ten spyte van hardnekkige weerstand van die Krugersdorpse en Standertonse kommando's. Die volgende dag en die dag daarna was daar in sy omgewing nog kanonvuur oor en weer, maar die groot paniek en die groot terugtog van die Republikeinse magte het reeds begin.

'n Dag of wat later is hy self deel daarvan en aanskou hy die sonderlinge skouspel van 'n groot leër wat in byna paniese angste en ordeloosheid wegvlug, en dit feitlik vir niks nie, want die Britse leër het hulle op daardie

oomblik glad nie agtervolg nie. Hy en sy gevolg trek met hulle muilwa saam met die groot stroom. Waar die pad oor 'n nek gaan ontstaan 'n ontsettende verwarring van waens, osse, perde, muile en skreeuende mense, wit en swart, wat almal tegelyk wil wegkom. Na ses uur is hulle eindelijk oor die nek. Geen wonder dat een van hulle makkers, Deschler, hulle die aand om die kampvuur onderhou met 'n wetenskaplike bespreking oor die vrye wil van die mens nie.

Die volgende dag, 3 Maart, trek hulle oor 'n pas van die Biggarsberg. „Dit lyk na 'n groot eksodus. Maar die mense is buite beheer; geen veldkornetskapskap, geen kommando is bymekaar nie. Alleen die Artillerie is onder dissipline.” Dit is 'n verskynsel wat hom interesseer, hierdie ordelose angs wat daar oor 'n origens dapper leër kan kom. Hy skryf dit toe aan die gebrek aan dissipline onder die Boere maar meen tog dat daar iets meer agter sit.

Toe die saak weer onder beheer gekom het en 'n nuwe gevegslinie langs die Biggarsberg beset is onder die opperbevel van generaal Louis Botha, het hy egter verlof gekry om na Pretoria terug te keer. Die verdere verloop van sake in Natal val dus buite sy persoonlike belewenisse.

F. J. DU TOIT SPIES.

Uit die dokumente wat mnr. Nell vir onderstaande artikel geraadpleeg het, blyk dit dat Fritz Wichgraf, 'n „portret- en historieschilder” aan die begin van 1899 in „Upper Page Street, New Doornfontein, Johannesburg” gewoon het. In April 1899 het hy berig dat hy sy huis in Johannesburg sou verhuur en van plan was om op 1 Mei na Pretoria te verhuis met die doel om daar te gaan woon en die skildery te voltooi. Onder andere het hy in sy brief ook meegedeel dat hy van plan was om 'n kunsskool in die Z.A.R. te begin en hom permanent hier te vestig. In Berlyn het hy jarelang 'n kunsskool met die beste resultate bestuur. Die lewe en werk van Wichgraf, hier en oorsee, behoort 'n interessante onderwerp vir 'n deeglike studie te vorm.—Red.)

'N HISTORIESE SKILDERY IN DIE OU MUSEUM

IN een van die lokale van die Ou Museum in Boomstraat, Pretoria, hang daar 'n skildery met 'n merkwaardige geskiedenis soos dit opgeteken staan in R.5937/00 by R.A.1829/00 gevoeg by Koloniale Sekretaris-lêer nr. 12568/07.

Hierdie skildery wat 'n voorstelling gee van president Kruger en die Uitvoerende Raad tydens die ontvangs van 'n afvaardiging, is die produk van 'n skriftelike ooreenkoms wat in 1899 aangegaan is tussen die Duitse skilder, mnr. F. Wichgraf, en die Z.A.R. se Kommissie insake die Paryse Tentoonstelling.

Die ooreenkoms het bepaal dat die skeper van die werk £500 kontant sou ontvang ten einde die aanvanklike koste te dek. By eventuele voltooiing sou hy 'n verdere £1,500 vergoeding ontvang.

As gevolg van die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog in 1899 is die skildery egter nooit aan die regering van die Zuid-Afrikaansche Republiek oorhandig nie, en gevolglik het die skildery in Berlyn gebly.

In 1907 is die kwessie van die skildery weer te berde gebring deur mnr. Wichgraf en sy skoonseun, mnr. Hugh Evans, wat vertoë tot die destydse Koloniale Sekretaris van Transvaal, genl. J. C. Smuts, gerig het waarin versoek is dat die regering die ooreenkoms van 1899 moes nakom. Hiertoe het die regering egter nie sy weg oop gesien nie. Evans het daarop met 'n tweede voorstel gekom, waarvolgens die skildery teen 'n heelwat kleiner bedrag as die beloofde £1,500 aan die regering verkoop sou word. Ook hiervoor het die regering nie kans gesien nie.

In Mei 1909 het dr. Engelenburg, redakteur van *De Volkstem*, na Engeland vertrek ter bywoning van die „Imperial Press Conference”. Voor sy vertrek het dr. Engelenburg, na samespreking met genl. Smuts, magtiging gekry om persoonlik met mnr. Wichgraf te onderhandel oor die aankoop van die skildery, en hom £500 daarvoor aan te bied.

Op 7 Oktober 1909 het die Buitelandse Verteenwoordiger van die Transvaal in Londen, aan die Koloniale Sekretaris laat weet dat die onderhandelings tussen genoemde twee here geslaag het, en dat die skildery vir die gemagtigde bedrag aangekoop is. Verder is bekend gemaak dat mnr. Wichgraf 'n raam sou verskaf teen 'n bykomstige bedrag van £10.

In Januarie 1910 het die skildery in Pretoria aangekom om voorlopig geberg te word in die ou Volkstemgebou. In April van die daaropvolgende jaar is die raam ook ontvang waarna die skildery geraam en in die Ou Museum geplaas is.

Van dag, bykans vyftig jaar na ontvangs, pryk dit nog in olieverf en dien dit nog as herinnering aan vervloë jare en tot gedagtenis aan 'n volksverlede roemryk en vol kragtige dade.


P. J. („OOM PIET”) NELL.



'n Foto van die Wichgraf-skildery in die Ou Museum.

Op 'n plaatjie onderaan die skildery staan die volgende:— „Die Uitvoerende Raad van die Z.A.R. ontvang 'n Deputasie van vyf welbekende Afrikaners wat die bestraffing van die Johannesburgse Hervormers van 1895 vra. Wichgraf, 1899. A.C. 469”. Die persone wat op die skildery voorkom is van links na regs die volgende:— Die here Botes, A. Venter, H. Botha, genl. Kock (sittende), Pretorius, F. J. Kotzé (blykbaar aan die woord), genl. Cronje, A. D. W. Wolmarans, Schalk Burger, De Cock (met sy rug na die skilder gekeer), genl. Piet Joubert, F. W. Reitz (Staatsekretaris), pres. Cronje en P. G. W. Grobler.

Foto: J. C. van Heerden, Onderwyskollege, Pretoria.



Voortrekkerhoogte


'N GESKIEDKUNDIGE OORSIG

'N **S**TUDIE van die geskiedkundige agtergrond van die plek wat vandag bekend staan as Voortrekkerhoogte, lewer 'n aantal probleme vir die ondersoeker, vanweë 'n gebrek aan gegewens. Wel is daar periodieke gebeurtenisse en geskiedkundig belangrike voorvalle geboekstaaf, maar veral die aanvanklike periode, toe die tuiste van Britse soldate was en die onmiddellik daaropvolgende tydperk, gaan mank aan genoegsame inligting vir 'n studie van hierdie aard. Destydse amptelike publikasies deur die Britse owerhede is nie meer ter insae nie en voortdurende veranderings in tred met die militaristiese modernisering, het veroorsaak dat baie van die oorspronklike geboue reeds verdwyn het en in kampe en op terreine waar daar moontlik vandag nog spore van die eertydse besettingsmagte sou kon gewees het, het moderne geboue en sportvelde verrys, en is die spore van die geleidelike ontwikkeling van die plek eensklaps uitgewis gedurende Wêreldoorlog II, toe 'n geweldige bouprogram vir administratiewe opleidings- en huisvestingsdoeleindes onderneem is.

'n Groot aantal geboue, wat aan die begin van die huidige eeu deur die Britse owerhede as kwartiere vir getroudes en enkelkwartiere opgerig is, is vandag nog in bruikbare toestand en huisves gesinne van lede van die S.A. Staandemag. Die geboue bestaan uit hout en sink en is in 1900/01 uit Engeland in voorafgefabriiseerde seksies oorgebring en opgerig. Op sommige van die metaaltoebehore van die huise is die jaartal 1895 nog sigbaar. 'n Kenmerk van die materiaal waaruit die geboue bestaan, is die hardheid van die hout en taaiheid van die sink teen roes. Dit moet as enigste rede aangeneem word, waarom die geboue so bestand is teen verrotting en verwering. Gaandeweg egter, word hierdie geboue gesloop, en moet hulle plek maak vir moderne woonhuise.

Soortgelyke geboue is vir die doel van hospitalisasie, deur die Britse owerhede opgerig maar 'n moderne hospitaal het die plek van hierdie ou geboue, wat tans gebruik word vir opbergingsdoeleindes, vervang.

Net na Wêreldoorlog I is die Anglikaanse Kerk en die Verenigde Kerk op Robertshoogte gestig. Die Afrikaanse kerk as 'n afsonderlike militêre gemeente, was aanvanklik deur ds. Murray, bygestaan deur ds. Adler, be-arbei. Die saal wat as kerkgebou gedien het, was 'n tydelike hout- en sinkstruktuur, en net na die nuwe N.G.-kerk in 1938 gebou en ingewy is, is hierdie ou kerksaal gesloop. In die vroeë dertiger jare is die eerste voltydse veldprediker ds. Coertze aangestel en hy het diens gedoen tot in 1947. Saaam met die bevolking van Robertshoogte het hierdie gemeente gegroei tot die huidige 3,780 sieletal wat deur vier voltydse veldpredikers be-arbei word. In die vroeë vyftiger jare is Ned. Hervormde en Ned. Gereformeerde gemeentes gestig.



'n Gebou van geskiedkundige waarde wat nog bestaan en in gebruik is, is „District House” wat tot onlangs bestem was as woonkwartier vir die Kommandant-generaal, S.A.V.M. Hierdie selfde gebou was deur sir Neville Lyttelton bewoon in 1902 toe hy Troepebevelvoerder was, en dit word gesê dat lord Roberts ook vir 'n tyd daarin woonagtig was. Die verdedigingspos en uitkyk buite die woonhuis dui aan dat die gebou slegs vir belangrike militêre persoonlikhede bestem was.

DIE EERSTE SOLDATEGEMEENSAP.

TYDENS die Eerste Vryheidsoorlog was die bevolking van Pretoria reeds van 'n gemengde aard. Op 4 Mei 1877 het die eerste afdeling Britse troepe die stad binne marsjeer. Oor 'n groot gebied teen die heuwels ten suide van Pretoria, was daar 'n kamp wat ongeveer 5,000 Britse troepe gehuisves het. Dit word gesê dat die kamp besonder skoon en netjies was in vergelyking met die „vuil dorp Pretoria”. Daar is geen redelike gronde om te aanvaar dat daar op daardie tydstip enige georganiseerde of permanente huisvesting op die huidige Voortrekkerhoogte was nie.

Na die Jameson-inval is daar vier groot forte om Pretoria gebou, nl. Skanskop, Klapperkop, Wonderboom en Westfort, elk teen 'n koste van £45,000 Ten tye van die Tweede Vryheidsoorlog het genl. Louis Botha die kanonne laat verwyder omdat hulle nutteloos was. Hierdie was blykbaar die enigste groot verdedigingstellers om Pretoria op daardie tydstip, die eersgenoemde twee forte is tot nasionale monumente verklaar en bestaan vandag nog. Die ander forte op strategiese punte is net na die Engelse belegging gesloop en oorblyfsels is vandag nog sigbaar.

Op 5 Junie 1900 het lord Roberts Pretoria beset en Britse troepe het die dorpsgebied binnegestroom. Die laaste opdrag van die Z.A.R.-regering was op 29 Mei 1900 aan die Burgemeester van Pretoria oorgedra om die dorp aan lord Roberts te oorhandig. Daar is geen aanduiding dat daar troepe na Robertshoogte gegaan het onmiddellik na die besetting nie. Die hoofkwartiere van die militêre instansies, hoofsaaklik lord Kitchener, was in die omgewing van die terrein van ons huidige Onderwyskollege gevestig. Die Britse troepe was in 'n laer in Pretoria-Wes saamgetrek. Vanweë die groot sterkte het die terrein te klein geword en lord Roberts het begin dink aan 'n groter, hoërliggende en gesonder terrein omdat daar destyds nog malaria in Pretoria was en die ongevallepersentasie taamlik hoog was. Hy het toe besluit om na die hoogliggende terrein vyf myl



Hoeksteen van die eerste permanente gebou wat in 1902 op die destydse Roberts Heights opgerig is. Die hoeksteen van die klubgebou, die sg. „S.A. Garrison Institute” is op 12 Junie 1902 deur lord Kitchener gelê. Vanaf 1920 is die gebou die hoofkwartier van die Militêre Kollege.



LORD KITCHENER.

*Opperbevelhebber van die Britse Magte in S.A., November 1900 —
Junie 1902.*

Suid-Wes van Pretoria te verskuif en so het Robertshoogte gedurende die Tweede Vryheidsoorlog tot stand gekom. Aanvanklik was dit net 'n tentdorp, maar weldra in 1902 is die eerste permanente gebou opgerig, naamlik die Klubgebou, bedoel as ontspanningsentrum vir Britse troepe, en was die „South African Garrison Institute” genoem, wat na die oorlog nog daar gestasioneer was. Alhoemeer kasernes en soldatekwartiere het verrys vir die huisvesting van Britse troepe, namate die huisvestings-



Verdedigingspos en Uitkyk buite „District House”, die woonhuis vir belangrike militêre persoonlikhede.

fasiliteite in Pretoria-Wes minder genoegsaam geword het. 'n Hospitaal is aangebou vir die verpleging van die talle gevalle van malaria en influënsa wat voorgekom het, 'n gimnasium wat vandag nog deur die S.A. Militêre Kollege as sodanig gebruik word, is opgerig, waar sosiale funksies en selfs kerkparades Sondae gehou is, en feitlik op elke gebied is daar voorsiening gemaak vir geboue. Geleidelik is baie van hierdie geboue verkoop aan die S.A.S. & Hawens, S.A. Polisie en die Gevangeniswese, talle ander is gesloop en die bruikbare materiaal gebruik vir die oprigting van geboue vir krygsgevangenes net na Wêreldoorlog I. Ander is gebruik om geboue by die Swartkop-lughawe op te rig. Al die geboue by Kwaggapoort is oorgeplaas na die Department van Publieke Werke, vir verkoping aan die S.A. Polisie. Van daardie geboue is vandag nog in gebruik.

ONTWIKKELING OP MILITÊRE GEBIED.

SOOOS reeds gemeld, was die „S.A. Garrison Institute” die eerste permanente gebou wat in 1902 opgerig was. Lord Kitchener, wie die besluit geneem het om die gebou op te rig, het dan ook die hoeksteen op 12 Junie 1902 gelê. Die fondse vir die gebou het gekom uit winste wat die militêre kantiene gedurende die oorlog gemaak het; een kantiën in Pretoria alleen het in 1902 die bedrag van £20,000 wat uit winste

bestaan het, besit en lord Kitchener het bereken dat, indien hy die globale bedrag tussen sy troepe sou verdeel, elke soldaat $3/4d$. sou kry. Hy het toe besluit om 'n groot stuk grond te koop en die klubgebou in die nabyheid van 'n groot pan, wat gewemel het van wilde eende na die somer-reëns, op te rig. 'n Gedeelte van die gebou was gebruik vir die opberging van voedselvoorrade, en 'n ander vertrek, wat vandag gebruik word as 'n eetsaal, was gebruik as 'n kerk. Hierdie toestande het nog bestaan, toe die Britse troepe in 1914 vertrek het om deel te neem aan Wêreldoorlog I. Gedurende die oorlog was die Roberts Heights-gebied deels gebruik vir die internering van Duitse burgerlikes, en deels vir die opleiding van S.A. troepe wat aan die oorlog sou deelneem. Gedurende hierdie tydperk en selfs later ten tye van die griep epidemie van 1918, was gedeeltes van die gebou gebruik om die oorloop van pasiënte van die militêre hospitaal te huisves.

Gedurende Maart 1920, is die opleidingsinrigtings vanaf Bloemfontein en Potchefstroom in die Roberts Heights-gebied gekonsentreer. Teen hierdie tyd was die gebied reeds aan die Unieregering oorhandig. 'n Interessante staaltjie in verband met die oorhandiging word vandag nog deur sommige van die destydse lede van die Weermag vertel. Die afdeling wat agtergelaat was om die gebied te oorhandig, het bestaan uit drie senior onderoffisiere wat belas was met al die formaliteite, maar hulle het geen opdrag gehad wat betref die koopprijs nie. Alles het voor die wind gegaan met die oorhandigingsproses totdat die kwessie van die koopsom te berde gebring is deur die Unieregering-vertegenwoordiger, mnr. Eddie Rooth, die voormalige militêre regsadviseur vir Pretoria. Ná 'n lang gerekekawel is daar besluit dat, volgens Britse regsprosedure, daar wel op 'n koopsom besluit moet word om die Akte van Oorplasing geldig en wettig te maak. Dit word vertel dat een van die onderoffisiere uiteindelik gesê het: „Oh, well, Sir, . . . make it three beers”, en daar is vandag nog baie van die ou militêre persoonlikhede wat glo dat die S.A. Militêre Kolege geruil is vir drie bottels bier, of vir die bedrag van $1/6d$. Feit is egter dat die hele Roberts Heights-gebied, met al die geboue daarop na die Unieregering op 1 April 1921 as 'n gedenk oorgeplaas is. Wet 33/1922 maak voorsiening vir die oorhandiging aan die Departement van Publieke Werke, geboue ter waarde van £543,445 en paaie, omheining, watervoorsiening — en dreineringsinstallasies, voorrade en masjinerie ter waarde van £85,752, 'n totale bedrag van £539,197.

Ná die sentralisasie van die „S.A. Military Schools” in die gebied, het die ontwikkeling vinnig vooruitgegaan. Die S.A. Militêre Kolege word in 1923 gestig, met verskillende militêre takke vir opleiding, soos liggaams-opvoeding, wapenopleiding, en ander rigtings noodsaaklik vir die beroep-soldaat. Binne die kort bestek van 25 jaar het die kaal rotsagtige veld wat bedek was met rooigras, verander, eers in 'n tentdorp, toe barakke vir die Britse garnisoen (1902–1913) daarna 'n opleidingsentrum vir U.V.M.-troepe wat vir Oos-Afrika bestem was, en uiteindelik in 'n